



Welkom, o stille  
nag van vrede,  
onder die suiderkruis,  
wyl stemme uit  
die ou verlede  
oor sterrevelde ruis.  
Kersfees kom,  
Kersfees kom-  
gee aan God die eer.  
Skenk ons 'n helder  
Somerkersfees  
in hierdie land, o Heer.



**GiG**  
Technologies  
(Pty) Ltd.

**GESEËNDE  
KERSFEES**

**DANKIE VIR JULLE  
ONDERSTEUNING  
GEDURENDE 2021**

*Baie dankie vir die  
ondersteuning deur die jaar,  
voorspoed vir die nuwe jaar*

**DENTIST**  
Dr Marge Baan (BChD) Pret  
058 853 0069 | 065 579 1749

*Geseënde  
Kersfees*

Vrede en Liefde  
vir u en u gesin.  
Dankie vir u  
ondersteuning  
deur 2021

Skeerstoer is gesluit  
vanaf 23 - 27 Des

Ons wil u graag bedank vir die  
ondersteuning in 2021 en  
wens u en u gesin 'n  
geseënde Feestyd en  
baie voorspoed  
vir 2022 toe!

**TrenTyre**  
SUPPORTED BY **GOODYEAR**



## UIT DIE PEN WEEK 50 VAN 2021

Verlede jaar het ons heerlik by die see  
uitgespan toe oom Cyril aankondig  
dat Suid-Afrika haarself gaan  
toesluit. Ons het die boodskap vanaf die  
ouetehuis gekry (my skoonma en my goeie  
man se skoonma woon mos in dieselfde  
ouetehuis): die ouetehuis is toe, ons mag  
nie in nie en die oues mag nie uit nie. Tot  
verdere kennisgewing.

Ek het aanvanklik elke twee weke die  
ouetehuis gebel om te hoor hoe dit gaan.  
Dalk omdat hierdie situasie so vreemd was  
dat niemand regtig geweet het hoe om dit te  
hanteer nie. Dit is in hierdie tydperk dat  
ons twee nuwe toevoegings tot ons  
huisgesin gekry het: 'n Wit Labrador,  
genaamd Amy, en 'n bruin Labrador-  
Rifrugkruising, Pebbles. Saam met my  
gefokste-Jack Russel het hulle die erf op  
horings geneem.

Tye het so verander dat ons tans die huis  
by Amy en Pebbles huur, want ek is seker  
hulle dink dat hulle eintlik hier gebore is.

Nietemin: ons kan nou terugkyk op twee  
jaar se vreemde omstandighede: maskers,  
geen gesoen en gedruk nie, Zoom, hande  
wat elke paar minute gereinig moet word,  
pro-vaxxers, anti-vaxxers, Bill Gates en sy  
nanopartikels, teorieë wat glad nie sin maak  
nie.

Die dag voordat die eerste inperking in  
einde Maart 2020 aangekondig is, het  
menige persoon gebel om sterkte toe te  
wens met die inperking, so asof ons mekaar  
nooit weer sou sien nie.

Die eerste oggend was dit vreemd om  
wakker te word sonder die klanke van  
verkeer. Dit was dood, doodstil. Die voëls  
het uitgekruip om te kom kyk wat aangaan,  
en heerlik en uit volle bors gesing: "Die  
mens het ophou raas, nou is dit weer ons  
beurt!"

Ons het sedertdien mense om ons sien ly,  
siek word, doodgaan. Ons het vriende  
verloor en dalk 'n paar bygekry. Ons het  
meer empatie met diegene rondom ons  
gekry. Ons het agtergekome wie vir ons  
belangrik is, maar meer nog: of ons vir  
ander ook belangrik is.

Ons het begin omgee vir mense wie nie  
meer werk gehad het nie. Begin help en  
uitreik na ander. Nie met plakkate of  
hoofopskrifte nie, dalk net subtiel hier en  
daar gehelp. Want daar was mense wat  
regtig swaargekry het in hierdie tye. Selfs  
nou nog. Ons het begin praat met ander  
mense, selfs met vreemdes, sonder om  
terug te hou.

Ek het 'n koraalpienk T-hemp. Voor-op  
staan daar in sierletters: "Blessed." Die  
ander dag gaan ek gou na die supermark.  
Iemand kom breëbek aangestap, sy lag van

oor tot oor. Sy het daardie "ek-ken-jou"  
uitdrukking in haar oë en ek wonder  
alreeds of ek haar moet ken. Sy stop my  
in die middel van my flinke stappie, hou  
my bo-arm vas, kyk my stip in die oë en  
sê: "You know what? I am also blessed!"

Sy los my en stap met 'n huppel verder.

Daar is nuwe dankbaarheid wat saam  
met hierdie inperkings gekom het: dankie  
vir suurstof en asem. Dankie vir  
gesondheidswerkers, geestelike leiers en  
begrafnisondernemers. Dankie vir  
onderwysers, kokke en kassiere. Dankie  
dat ons nog 'n werk kan hê, en dankie dat  
sommige van ons nie meer so ver werk  
toe hoef te ry nie en dit nou van die huis  
af kan doen.

Dalk het die *lockdown* nou ingesink.  
Aanvanklik was dit 'n skok, toe 'n  
ergernis. Dalk verstaan ons nou dat  
sommige van hierdie maatreëls nodig  
was (alhoewel die verbod op die koop  
van warm kos, reistasse en somersklere  
vir my heeltemal onverstaanbaar was).

Dalk het ons nou agtergekome dat  
oulike WhatsApp boodskappe met apies  
en blomme op nie meer genoeg is nie.  
Ons moet by die kern van die mense  
rondom ons uitkom.

Ons het miskien nou 'n nuwe siklus  
bereik: een waar ons dieper begin praat  
oor dinge wat regtig saakmaak. Een waar  
ons meer vir mekaar begin omgee en  
meer luister na wat ander mense nie sê  
nie.

Ek sien dat daar rondom my meer  
mense is wat goeie dinge wil doen as  
diegene wat net wil afbreek. Ja,  
laasgenoemde sal daar altyd wees. Maar  
diegene wat wou goed doen, het gehelp  
om iemand anders se gras te sny, om 'n  
slagget of wat in die pad reg te maak.  
Ander het agtergekome dat die politieke  
leiers nooit regtig leiers was nie, en ander  
in hulle plek ingestem. Sommige het dalk  
gesien dat oppervlakkige verhoudings nie  
meer reg voel nie: hulle het hulle  
verhoudings verdiep of dit 'n stille dood  
laat sterf.

Dalk is dit wat ons hierdie Kersfees  
moet doen: dieper verhoudings  
ontwikkel, eerder as om meer  
verhoudings aan te knoop. Vir mekaar  
goed te wees, eerder as om jou eie eer te  
soek. Om vir iemand anders 'n kruik te  
wees, eerder as om iets by daardie  
persoon te kry.

Want is dit nie wat ons by Jesus geleer  
het nie: terwyl die res van die wêreld  
aangegaan het, het hy by 'n ma gaan  
stilstaan wie pas 'n seun aan die dood  
afgestaan het. Hy het drie dae nadat  
Lasarus dood is by sy graf aangekom en  
hom opgewek. Hy het water in wyn  
verander sodat die seremoniemeester en  
bruidegom nie in die verleentheid gestel  
word nie.

Hy het opgestaan, daar waar Hy  
geslaap het, en 'n storm stilgemaak sodat  
Sy dissipels nie bang moes wees nie. Hy  
het dankie gesê vir 'n paar broodjies en  
vissies, en uiteindelik honger mae  
volgemaak.

Hy het Sy krip vir 'n kruis verruil. Nie  
sodat ons op 25 Desember kan persente  
kry nie, maar sodat ons persente vir  
mekaar kan wees.

Wat het die inperking jou geleer? Dalk  
om met Jesus se oë na iemand te kry of  
om vir 'n wildvreemde te sê: "I am also  
blessed."

Ons Amy-hond is 'n maand gelede  
gediagnoseer met fase vier milt-en  
lewerkanker. Dalk was hierdie inperking  
ook vir ons 'n les: om die geleentheid te  
kon hê om weer die onverbloemde liefde  
van 'n hond te ervaar wat net liefgehê wil  
wees. Om te kom sê dat alles net tydelik  
is, en dan ons eendag hierdie spieël en  
die raaisel sal verruil vir 'n heerlike  
werklikheid.

Wees geseënd hierdie Kersfees.



O die goeie tyding,  
o die blye tyding-  
helder klink dit met Kersfeestyd:  
Diep was ons verlore,  
Christus is gebore.  
Juig dan, almal, jubel oor die saligheid!